education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## ADDISIONELE MODEL 2008

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is in hierdie vraestel gebruik om kandidate te assesseer:**

| Leeruitkomste | Assesseringstandaarde<br>Leerders kan die volgende doen: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie).**<br><br>Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie).**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>3. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip skriftelik oor. |

**1.2 Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V 2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, redenasies, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet bepaal word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

Kopiereg voorbehou 

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OPE-END BRONGERIGTE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs “feite” uit te spoeg om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om “modelantwoorde” voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures van uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n koeëlpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met 'n koeëlpunt), 'n relevante slotopmerking (ook aangedui met 'n koeëlpunt). By 'n antwoord waar daar 5 hoofmomente is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:
   - Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
   - verkeerde stelling ______
   - irrelevante stelling |
   - herhaling **R**
   - analise **A**√
   - interpretasie 1√

4. Die matriks

**4.1 Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en die **inhoudsvlak** (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n finale punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 18-19 |
| A | VLAK 5 | |

**4.2 Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk(verwys na bl. 8)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word

by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| I & A | VLAK 5 | 18 - 20 |
|---|---|---|

**Graad 12 Analitiese matriks vir uitgebreide skryfwerk: Puntetotaal: 30**

| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | **VLAK 7**<br><br>Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | **VLAK 6**<br><br>Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br><br>Skrywe gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br><br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om te ondersteun.Oorspronklike slotsom bereik. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | **VLAK 3**<br><br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik as ondersteuning. Slotsom bereik op grond van getuienis.Skrywe gestruktureer. | **VLAK 2**<br><br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/gepoog om argument te ontwikkel. | **VLAK 1**<br><br>Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord.Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemaal irrelevant. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

## Graad 12 Holistiese Rubriek om uitgebreide skryfwerk te assesseer (bv. Verslag, nuusberig, ens.)

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80 – 100%**<br>**24 - 30** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie bloot bronne te lys nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar vanpas, word teenargumente volledig aangespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70 – 79%**<br>**21 - 23** | Wend goeie poging aan om volhoudend te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Moontlike gebrek aan diepte van algemene fokus of verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>Indien van toepassing, poog om teen-argument te oorweeg<br>Ietwat oppervlakkig of poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5**<br>**Substantief**<br>**60 – 69%**<br>**18 - 20** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp meeste van die bronne<br>Gebruik meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Goeie gebruik van getuienis uit die bronne<br>Goeie poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Goeie poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking, maar met foute<br>'n Grootliks onoortuigende poging om standpunt in te neem (beperkte poging om oorspronklike slotsom te bereik) |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50 – 59%**<br>**15 - 17** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking toereikend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3**<br>**Toereikend**<br>**40 – 49%**<br>**12 – 14** | Swak poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Geen of baie swak poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30 - 39%**<br>**09 - 11** | Gebruik slegs een of twee bronne<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie (waar van toepassing)<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, of glad nie |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0 – 29%**<br>**0 - 8** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Antwoord uiters swak |

## VRAAG 1: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJET-UNIE GEHELP OM DIE POLITIEKE VERANDERING IN SUID-AFRIKA TE BESPOEDIG?

1.1

1.1.1 *[Onttrek en verduideliking van bewyse uit Bron 1A – V1 – LU1, AS3; LU2, AS2]*

- Daar was samesprekings op leiersvlak en die elite en groter bewuswording van die ideologiese verskile tussen die twee partye
- Meer geneig om onderhandelinge op hulle eie voorwaardes te oorweeg (2 x 2) (4)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU2; AS2, 3]*

- Die ANC het steun en hulp by die Sowjet-Unie gesoek
- Die ANC saam met die SAKP is as 'n kommunistieses rewolusionêre mag deur die regering beskou (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 1A– V2- LU1, AS3, 4]*

- Die ANC is agv gebrek aan steun deur die Sowjet-Unie verswak
- De Klerk kon die pas en verloop van die onderhandelinge beheer
- Kommunisme is nie langer as 'n bedreiging in S.A. gesien nie. (2 x 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie en evaluering en sintesevan bewyse uit Bron 1A-V2-LU1, AS3,4]*

Kandidate mag aandui of dit betroubaar of onbetroubaar is en moet hulle antwoord met geldige redes ondersteun (5)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 1B – V 2 – LU1; AS3; LU2; AS2]*

- Nasionael Party regering het blootgestel gevoel, kon nie langer kommunisme as 'n sondebok gebruik nie
- Sou nie langer steun van die Weste ontvang nie (2 x 2) (4)

1.2.2 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 1B – V2 –LU1, AS1; LU2, AS2, 3]*

Kandidate mag Ja of Nee sê en moet hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun

**Ja**

- DIt kon nie langer die ANC se drome van die totale vernietiging van apartheid kunsmatig steun nie
- Dit kon nie langer 'n sosialistiese orde in Suid-Afrika skep nie
- Enige ander relevante punt

**Nee**

- Die ANC het nie die Sowjet nodig gehad vir steun nie
- Die ANC het ander vorme van steun gehad
- Enige ander relevante punt (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B- 1- LU1 (AS3)]*

- Thatcher was 'n bondgenoot van apartheid (1 x 2) (2)

1.2.4. *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 1B- V2- LU1 (AS3)]*

- Die kapitalistiese of westerse standpunt (1 x 2) (2)

1.2.5 *[Vergelyking en kontrastering van bewyse uit Bron 1B- V3- LU2 (AS3); LU3 (AS4)]*

- Die visuele bron steun die geloof dat Thatcher (Weste) apartheid lewendig in Suid-Afrika gehou het (2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Onttrek en verduideliking van bewyse uit Bron 1C – V1 – LU1; AS3]*

- Kamerade was lid van beide die ANC en die SAKP
- Het 'n belangrike rol in al die belangrike besluite gespeel (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Analise en Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 1C– V2, 3 – LU1; AS3; LU2;AS2]*

- Bykans die helfte van die sentrale komitee het uit die SAKP bedank
- Ernstige krisis vir die SAKP (2 x 2) (4)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU3; AS2]*

- Senior lede het hulle by Slovo en Hani geskaar
- Toegewyd om die voortbestaan van die SAKP en die sosialistiese projek te ondersteun (2 x 2) (4)

1.4. *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort op die volgende aspekte te fokus:

- Kommunisme was nie langer as bedreiging gesien nie
- Kon nie langer steun van die Weste verwag nie
- Glo dat die ANC swak was
- Makliker om die steun van geharde wit Suid-Afrikaners te kry
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse op 'n elementêre wyse bv. **Geen of min verwysing na waarom dit die val van kommunisme gekos het om die NP te dwing om sy geharde houding teenoor die ANC te laat vaar**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om die onderwerp te ondersteun of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot 'n groot mate met die onderwerp verband houbv. **Verwys na waarom dit die val van kommunisme gekos het om die NP te dwing om sy geharde houding teenoor die ANC te laat vaar**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese wyse | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne bv. **Toon 'n deeglike begrip van waarom dit die val van kommunisme gekos het om die NP te dwing om sy geharde houding teenoor die ANC te laat vaar**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat duidelike begrip van die onderwerp toon | Punte: 4 - 6 |

(6)

## 1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.5.1 *[Analise, sintese en vermoë om 'n samehangende argument gebaseer op bewyse saam te stel – V1-3 – LU 2; AS 2,3; LU3; AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende in hulle antwoorde in te sluit:

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik hoe die val van kommunisme die politieke verandering in Suid-Afrika bespoedig het.

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate behoort aan te dui hoe De Klerk deur die val van die Sowjet-Unie beïnvloed is om die politieke verandering in Suid-Afrika te bespoedig.

UITBREIDING
- Redes vir die val van die Sowjet-Unie (breë agtergrond)
- Val van Berlynse Muur
- Impak van bogenoemde faktore op die ANC, NP en SAKP
- Verandering in NP-denke mbt hulle opponente - NP nie meer die bolwerk teen Kommunistiese uitbreiding
- VS en Britanje se steun nie langer nodig
- NP begin met proses van hervorming in die geloof dat hulledie oorgangs-proses kan beheer
- FW de Klerk se besluit om 'n nuwe beleid in Suid-Afrika te volg was agv Gorbachev se hervormings
- Beweging in rigting van demokrasie skiet wortel

- Slot: Kandidate behoort die argument saam te vat deur aan te dui hoe die val van Kommunisme tot onderhandelde Suid-Afrika lei. **(30)**

**Gebruik matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

1.5.2 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &*

SINOPSIS
In die koerant-hoofartikel van die plaaslike koerant behoort die kandidate op die impak van die val van die Sowjet-Unie op Suid-Afrikaanse politiek te fokus. Kandidate behoort al die bronne te gebruik asook hul eie kennis om hulle Argument met relevante historiese bewyse te onderseun

HOOFASPEKTE
- Inleiding: Kandidate behoort 'n hoofartikel vir hul plaaslike koerant te skrywe waarin hulle die impak van die val van die Sowjet Unie op Suid-Afrikaanse politiek analiseer.

UITBREIDING

- Redes vir die val van die Sowjet-Unie (breë agtergrond).
- Of die val van die Sowjet-Unie 'n invloed op Suid Afrika nl NP, SAKP en ANC gehad het
- Veranderde NP -denke– NP nie langer bolwerk teen Kommunisme
- NP begin met proses van hervorming
- Analise van Sowjet hervormings
- Beweging in rigting van demokrasie
- Kandidate moet standpunt met genoegsame bewyse ondersteun.

- Slot: Kandidate behoort hul respons op die impak van die val van Kommunisme op Suid-Afrikaanse politiek te fokus. . (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer. [75]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJET-UNIE TOT DIE HER-VOORSTELLING VAN ANGOLA AS 'N VOLK, BYGEDRA?

2.1

2.1.1 [*Onttrek bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1; AS3]*

- Portugal (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A - V1- LU1; AS3]*

- Om 'n oorgangskoalisieregering bestaande uit die MPLA, UNITA en FNLA daar te stel
- Om datum, 11 November 1975, vir finale onafhanklikheid vas te stel (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU2; AS3]*

- Die VSA en Sowjet-Unie wou beide invloed in Afrika hê
  Omdat hulle mededingers gedurende die Koue Oorlog was
- Angola het strategiese hulpbronne bv. Olie waarin beide supermoondhede belang gestel het (2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A – V3 – LU1; AS3; LU2; AS2]]*

Kandidate mag aandui Geregverdig of Nie geregverdig en moet antwoord met relevante bewyse ondersteun

**Nie geregverdig**

- Sowjet-Unie het troepe na Angola gestuur
- Kommunisme in Angola bedreig Suid-Afrika se belange in Namibië
- Kommunisme blyk om deur Suid-Afrika te versprei
- Suid-Afrika het die VSA gehelp om kommunistiese uitbreiding in te perk

**Geregverdig**

- Geen reg om onafhanklike staat binne te val nie
- Suid-Afrika in eerste plek onwettig in Namibië
- USSR het geen intensie gehad om beheer oor Suid-Afrika oor te neem nie

(enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1; AS2]*

- Politieke skikking slegs moontlik as supermoondhede konflik staak
- Einde van die Koue Oorlog skep geleentheid vir vrede en politieke skikking in Angola (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1; AS3; LU3; AS2]*

- Sodra Kubaanse troepe en ANC uit Angola onttrek, het die Suid-Afrikaanse regering geen verskoning gehad nie en moes toelaat dat 'n verkiesing in Namibië gehou word
- Namibië verwerf in 1990 onafhanklikheid as gevolg van bg ooreenkoms – dit Stel voorbeeld vir onderhandeling in SA (1 x 3) (3)

2.2.3 *[Definisie van terme uit Bron 2B – V2-LU2; AS1]*

(a)

- Eenpartyregering is 'n regering/diktatorskap waar slegs een politieke party regeer – geen opposisie word toegelaat nie

(b)

- 'n Demokratiese stelsel/regering is 'n regering waar verskillende politieke partye toegelaat word om deel te neem aan verkiesings (2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1; AS 3]*

- Nie regtig bruikbaar nie – is sekondêre bron en bevoordeel Weste of
- Kan bruikbaar wees – gee aan historikus oorsig oor politieke verandering in Angola 1988 tot 1991, maar primêre bron sou meer bruikbaar wees (2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V2-LU2; AS2]*

- Die Bicesse Ooreenkoms, tussen die MPLA en UNITA in 1991 onderteken lei tot skietstilstand.
- Savimbi en Dos Santos wou vyandelikhede beïndig en wou verandering in Angola teweegbring (1 x 3) (3)

2.3.2 *[Verduidelik bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1; AS 3]*

- Angolese kiesers sou vrymoedigheid hê om aan verkiesing deel te neem
- Verkiesings sou waarskynlik meer vry en regverdig wees indien leiers met mekaar saamwerk
- Enige ander relevante respons (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1; AS3/4]*

- Plakkate toon dat daar deur partye veldtogte gehou is
- Jeugdiges lyk gelukkig en opgewonde
- Gees van afwagting en verwag 'n beter toekoms
- Enige ander relevante punt (enige 1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie, betroubaarheidvan bewyse uit Bron 2C – V3 – LU1; AS3/4]*
Photographs are first-hand evidence, taken during events but are not very reliable because they:

- Toon geringe mate van realiteit
- Dikwels opsetlik geposeer bv. Foto 1
- Toon slegs wat die fotograaf wil hê ons moet sien
- Enige ander relevante punt (enige 2 x 2) (4)

2.3.5 *[Vergelyk en kontrasteer bewyse uit Bron 2C – V2 – LU2; AS3]*

- Bron 2C het foto’s wat met verkiesing waarop ooreengekom is, verband hou. Tydens die onderhandelingsproses wat in die Bicesse Verdrag wat in Bron 2B genoem word
- Die politieke hervormings en die MPLA se besluit om veelparty-demokrasie toe te laat is duidelik sigbaar in die foto’s
- Foto’s toon die veranderinge in Angola wat in Bron 2B genoem word (2 x 2) (4)

2.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort op die volgende aspekte te fokus:

- Burgeroorlog tussen MPLA, FNLA en UNITA
- VSA, met Zaire en Suid-Afrika se hulp, steun die FNLA en UNITA
- Kuba en die USSR het MPLA guerrillas opgelei
- Kubaanse troep na Angola gestuur om die MPLA te help
- Suid-Afrikaanse gemotoriseerde mag val Angola binne om die MPLA en UNITA te help
- Konflik neem toe agv Koue Oorlog
- Enige ander relevante punt.

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse op 'n elementêre wyse bv. **Geen of min verwysing na hoe Angola 'n slagoffer van die Koue Oorlog geword het**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om die onderwerp te ondersteun of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot 'n groot mate met die onderwerp verband houbv. **Verwys na hoe Angola 'n slagoffer van die Koue Oorlog geword het**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese wyse | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne bv. **Toon 'n deeglike begrip van waarom Angola 'n slagoffer van die Koue Oorlog geword het**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat duidelike begrip van die onderwerp toon | **Punte: 5 - 6** |

(6)

## 2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.5.1 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle respons in te sluit:

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met stelling saamstem al dan nie.
Kandidate moet aandui hoe hulle die argument gaan ondersteun
Hulle moet aandui watter gevallestudie hulle uit Sentraal-, Wes- of Noord-Afrika hulle gaan gebruik. Indien hulle verskil met die stelling, behoort hulle hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik of die beëindiging van die Koue Oorlog Noemenswaardige veranderinge in Afrika teweeg gebring het of nie Kandidate behoort die gevallestudie uit Sentraal- Wes- of Noord-Afrika aan te dui En hoe hulle van plan is om hulle standpunt te ondersteun.

UITBREIDING:

**Die val van die USSR het 'n duidelike impak op Afrika gehad.**

- Veranderinge in Sowjet-Unie en Oos-Europa het USSR gedwing om sy rol in Afika te verander
- Gorbachev se Glasnost en Perestroika – USSR gedwing om uit Afrika te onttrek
- Val van Marxisme – Leninisme
- Einde van Koue Oorlog – Westerse houding tov Afrika verander
- Weste het nie langer bondgenote in Afrika nodig teen USSR invloed
- Demokrasie en kapitalisme meer gewild as kommunisme
- Goeie regering en toerekenbaarheid vervang onderdrukking en staats-beheer
- Ekonomiese groei gebaseer op demokratiese stelsel van regering word duidelik
- Enige ander relevante respons

- Slot: Kandidate behoort hul argument saam te vat deur te verduidelik of die beëindiging van die Koue Oorlog noemenswaardige veranderinge vir Afrika ingehou het of nie (30)

**Gebruik matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

2.5.2 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle respons in te sluit:

SINOPSIS

Kandiate behoort in hierdie verslag aan te dui hoe die beëindiging van die Koue Oorlog bygedra het tot die hervoorstelling van Angola as 'n nasie in die 1990’s.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate behoort toe te lig hoe die beëindiging van die Koue Oorlog bygedra het dat Angola homself kon hervoorstel.

UITBREIDING

- Kort agtergrond oor die politieke en ekonomiese impak van beide die USA rn die USSR op die ontwikkeling van Angola
- Fokus op verskeie uitdagings wat buitelandse inmenging op Angola se ontwikkeling gehad het
- Die einde van die Koue Oorlog
- Die impak van die beëindiging van die Koue Oorlog op Angola

- Politieke onderhandelinge tussen die MPLA en UNITA
- Die 1992 demokratiese verkiesings en impak
- Enige ander relevante punte

Slot: Kandidate behoort hul argument saam te vat. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer. [75]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET SUID-AFRIKA VOOR DIE EERSTE DEMOKRATIESE VERKIESING IN 1994, IN DIE GESIG GESTAAR?**

3.1

3.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L 2- LO1 (AS3)]*

- Suid-Afrikaners was ontnugter deur die voortdurende geweld
- Die toekoms het duiste gelyk
- Onderhandelinge en samesprekings tussen die verskillende politieke partye is gestaak (enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Evaluering van bewyse uit Bron 3A - L 3-LO2 (AS3)]*

Kandidate mag 'n spesifieke standpunt inneem en behoort hulle antwoord met relevante bewyse te steun:

**Ja**

- Slovo se voorstel het die dooiepunt in die politieke onderhandeling beïndig
- Voorstelle wat gemaak is het Nasionale Party gemaklik laat voel sodat hulle bereid was om oor Suid-Afrika se toekoms te onderhandel
- Onderhandelings het geleidelik tot die beïndiging van geweld en politieke onverdaagsaamheid gelei

**Nee**

- Slovo se voorstel van magsdeling het samewerking met die Nasionale Pary en sy bondgenote beteken
- Aktiviste wat in die stryd betrokke was, voel dat hulle alles waarvoor hulle geveg het moes opoffer
- Aktiviste veg vir vryheid en moes visie van eenpartystaat (opoffer) laat vaar
- Was nie gelukkig om Suid-Afrika en sy hulpbronne met vorige vyande (Nasionale Party) te deel nie (enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A- V1-LU1 (AS3)]*

- Om einde te maak aan die dooiepunt tussen die Nasionale Party en die ANC
- Die ANC het tov volkome oorgawe van mag na magsdeling met die Naionale Party toeggee
- Hulle wou Suid-Afrika gesamentlik na die verkiesing regeer
- Glo in die konsep van regering gebaseer op samewerking
- Belowe amnestie aan soldate en polisie
- Waarborg die werk (posisies) van staatsamptenare
- Belowe die betaling van pensioene en ander soortgelyke/betalings (enige 2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

3.1.4 *[Analise en interpretasie van bewyse uit Bron 3A- V2-LU2 (AS2);LU3(AS3/4)]*

- Die ANC het sy lede ingelig oor die belangrike besluit om met die proses van onderhandeling te begin
- Dit was 'n wegbreek van die denkrigting van gewapende stryd om met 'n proses van onderhandeling en magsdeling met Nasionale Party te begin
- Lig kieserskorps in omdat hulle onverdeelde steun wou hê (enige 1 x 3) (3)

3.2

3.2.1 *[Analise van bewyse uit Bron 3B – V2-LU1 (AS3)]*

- Winnie Mandela voel dat die proses van onderhandelinge nie die massas in die besluitnemingsproses insluit nie
- Die prose van onderhandeling mag slegs op die belange van die klein groepie Elite fokus
- Onderhandelings sal slegs 'n klein groepie bevoordeel Dit kan aanleiding gee tot geweld, weerstand en protesaksies
- Sou lei tot totstandkoming van 'n nuwe klas elite, wat dieselfde belange as die Nasionale Party sou hê (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 3B – V2-LU3 (AS2,3)]*

Kandidate mag Ja of Nee sê en moet hulle antwoord met relevante bewyse steun:

**Ja**

- Winnie Mandela se woorde kan profeties (korrek) deur baie politieke analiste gesien word.
- Sy het korrek voorspel dat die nuwe (huidiglik die ANC) regerende elite alleenlik die belange van 'n klein groep sal dien en dat die massas uitgelaat voel
- Huidiglik beleef Suid-Afrika 'n toename in werkloosheid en soortgelyke probleme
- Daar is burgerlike ongehoorsaamheid by die gebrek aan dienslewering
- Enige ander relevante punt.

**Nee**

- Winnie Mandela se woorde is op onwaarhede en gissings gebaseer
- Sy maak al hierdie aannames omdat sy deur die ANC eenkant geskuif is
- Sy het geen bewyse om haar argument te steun nie
- Haar stelling skep indruk dat dit te vroeg was om krities teenoor die ANC te wees (enige 1 x 3) (3)

3.3

3.3.1 *[Vergelyk bewyse uit Bronne 3A en 3B – V3-LU2 (AS3]*

- Joe Slovo stel dat die proses van onderhandelinge 'n posisie van kompromie ingeneem het sodat demokrasie 'n kans in Suid-Afrika kon kry

  **Terwyl**
- Winnie Mandela gevoel het dat magsdeling sonder genoegsame konsultasie met die massas tot 'n elite-regering, wat slegs die belange van 'n klein groepie sou dien

(2 x 2) (4)

3.3.2 *[Vergelyk bewyse uit Bronne 3A and 3B – V3-LU2 (AS3]*

- Kandidate mag of Bron 3A of 3B kies en moet hulle antwoord regverdig deur van geldige historiese kennis gebruik te maak (1 x 3) (3)

Kopiereg voorbehou 

3.4
3.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3C – V1-LU1(AS3)]*
- Die 1994 verkiesing lei 'n nuwe tydperk van demokrasie in Suid-Afrika in
- Die verkiesing het 'n einde gebring aan die apartheid-regering en het vryheid gebring
- Dit gee aan Suid-Afrika 'n gevoel van hoop en optimisme (enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2-LU1(AS3)]*
- Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, beide swart en wit
- Na 1994 was daar 'n gevoel van eenheid en nasiedom in Suid-Afrika

(enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2-LU1(AS3)]*
- Mandela het Ohlange gekies omdat die eerste president van die ANC – JL Dube hierdie skool gebou het en hier begrawe is
- KwaZulu-Natal was oorspoel met politieke onstabiliteit en derdemag-geweld en Mandela het hier gestem ter wille van vrede
- Om die verkiesing-geluk van die ANC te steun (enige 1 x 2) (2)

3.5
3.5.1 *[Interpreteer die betroubaarheid van Bron 3D – V1 - LU1(AS4)]*
- Bron 3D is betroubaar omdat die meeste Suid-Afrikaners, beide swart en wit emosioneel opgewerk oor die eerste demokratiese verkiesing was
- Bron 3D eggo die gevoel van die meeste vryheidsliewende Suid-Afrikaners en het tot die geboorte van 'n demokratiese bedeling gelei (2 x 2) (4)

3.5.2 *[Vergelyk bewyse uit Bronne 3C and 3D – V3- LU2 (AS3)]*
Beide Bronne 3C en 3D komplimenteer mekaar goedl:

- Bron 3C fokus op Mandela wat sy stem vir die eerste keer uitbring en hy het gesê dat hierdie eerste demokratiese verkiesing 'n nuwe begin vir alle Suid-Afrikaners inhou
- In Bron 3D sê Makhanya dat hy oorstelp was met vreugde toe hy sy stem vir die eerste keer kon uitbring en vir Mandela kon stem
- Beide Bronne 3C en 3D fokus op die stem-ervaring en waarom dit 'n keerpunt vir beide Mandela en Makhanya was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne - V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Die kandidate se respons behoort op die volgende aspekte te fokus:
- Geweld en pessisme wat teen 1993 bestaan het het vervaag met die verkiesings proses
- Suid-Afrika, alhoewel verdeeld en gefragmenteerde volk, het saamgewerk Vir 'n beter toekoms
- Die staking en ontsporing van die onderhandelingsproses is beïndig
- Slovo se ingryping tov magsdeling vs Winnie Mandela se siening
- Proses van onderhandeling en magsdeling
- 1994 verkiesings verander Suid-Afrika se toekoms onomkeerbaar
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse op 'n elementêre wyse bv. **Geen of min verwysing na waarom die 1994 demokratiese verkiesing 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika was**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om die onderwerp te ondersteun of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot 'n groot mate met die onderwerp verband hou bv. **verwysing na waarom die 1994 demokratiese verkiesing 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika was**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese wyse | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne bv. Bewyse hou goed verband met die onderwerp bv. **verwysing na waarom die 1994 demokratiese verkiesing 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika was**<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat duidelike begrip van die onderwerp toon | **Punte: 5 - 6** |

**(6)**

## 3.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.7.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument wat op bewyse gebaseer is deur analitiese vaardighede te gebruik -VL1 – LU1 (AS3&4); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

SINOPSIS
Kandidate behoort die hoe die uitdagings deur die proses van onderhandeling tussen 1990 en 1994oorkom is te bespreek .

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate behoort die uitdagings wat Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 in die gesig gestaar het, te bespreek.

UITBREIDING
- Die proses van onderhandelings (bv. Pretoria Minuut, Groote Schuur Minuut)
- KODESA1 en 11
- Ooreenkoms van Samewerking
- Toenemende geweld (bv. Biopotong, Bhisho ens)
- Dood van Hani, bestorming van die Wêreld Handelsentrum ens.
- Enige ander relevante punt

- Slot: Kandidate behoort hulle argumente met 'n relevante slot saam te vat.

(30)

**Gebruik matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

3.7.2 *[Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur bewyse uit al die bronne en eie kennis te gebruik om die argument te ondersteun -*
*V2 – LU1 (AS3&4); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoorde in te sluit:

SINOPSIS
Kandidate behoort aan te dui waarom die 1994 verkiesings as 'n onvergeetlike gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika beskou word.

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate behoort die agtergrond te skets wat tot die 1994 verkiesing gelei het.

UITBREIDING
- Kort agtergrond – toestande in Suid-Afrika wat tot 1994 verkiesing lei
- Fokus op die opofferings wat gemaak is om die 1994 verkiesings moontlik te maak bv.(Onderhandelinge, KODESA1 en 11, Verdrag van Samewerking sluipmoord op Hani, Mandela se beroep op kalmte ens)
- De Klerk en Mandela stel datum vir eerste demokratiese verkiesing vas
- Algemene verkiesing van 1994- Mandela bring sy stem uit
- Suid-Afrikaners se reaksie op die eerste demokratiese verkiesing
- Enige ander relevante punt

- Slot: Kandidate behoort die argument deur 'n relevante slot saam te vat.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

**[75]**

**VRAAG 4: WAS DIE WAARHEID- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE HANTERING VAN DIE VERLEDE EN DIE AANVAARDING VAN DIE TOEKOMS?**

4.1

4.1.1 *[Onttrek inligting uit Bron 4A –V1 – LU1 (AS3)]*

- Oop vir enige iemand om getuienis te lewer rakende die gruweldade tydens apartheid bewind (1 x 2) (2)

4.1.2 *[Interpretasie en vergelyk bewyse uit Bronne 4A – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- WVK – betrokke by verhore
- Benodig nie regsverteenwoordiging nie
- Geen vergelding betrokke in 'n verhoorproses nie
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.1.3 *[Interpretasie en verduideliking van bewyse uit Bronne 4A – V3 – LU3 (AS3)]*

- Vind oor lang tydperk plaas
- Getuienis was grootliks ongetoets
- Bedorwe of valse getuienis kon gegee word (enige 3 x 2) (6)

4.1.4 *[Evaluering van bewyse uit Bron 4A – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

Kandidate mag aandui Ja of Nee en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun:

**Ja**

- Mondelinge getuienis kan nie deur tasbare getuienis ondersteun word nie
- Vertrou slegs op mense se geheue
- Eise en getuienis was nie getoets nie – gebrek aan bewyse
- Geen kruis(verhoor) ondersoek
- Enige ander relevante respons

**Nee**

- Mondelinge getuienis word tans as 'n belangrike geskiedkundige bron gesien kan daarom betroubaar wees
- Die WVK het mense toegelaat om hul stories te vertel
- Deur mense (slagoffers en oortreders) toe te laat om mekaar in die gesig te staar is 'n proses van genesing bereik
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.2

4.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Regspraak was verblind
- Te veel geweld
- Ware rekonsiliasie was bykans onmoontlik
- Enige ander relevante respons (enige 1 x 2) (2)

4.2.2 *[Vergelyk bewyse uit Bronne 4A en 4B –VL3 – LU2 (AS3)]*
- Bron 4A en 4B stem ooreen interme van gruweldade wat gepleeg is
- Bron 4A gee geskrewe weergawe van die gebeure terwyl Bron 4B visuele inligting oor die gruweldade wat gepleeg is gee.
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.2.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*
- Bron is betroubaar – gee inligting met betrekking tot die slagoffers van apartheid
- Illustreer dat geregtigheid nie geseëvier het nie
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.3

4.3.1 *[Onttrek inligting uit Bron 4C – V2 – LU1 (AS3)]*
- Antonette was 'n ooggetuie toe Hector gesterf het (enige 1 x 3) (3)

4.3.2 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 4C – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*
- Antonette kan nie berusting kry nie
- Gebrek aan rekonsiliasie
- Gebrek aan vooruitgang deur WVK
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 1) (2)

4.3.3 *[Anallse van bewyse uit Bron 4C – V3 – LU2 (AS2)]*
- Ja – Antonette gee bewyse dat die WVK veronderstel was om die slagoffers van apartheid te steun, in plaas daarvan was dit nie slagoffer-vriendelik nie
- Enige ander relevante respons (enige 2 x 2) (4)

4.3.4 *[Bruikbaarheid van bewyse uit Bron 4C – V3 – LU1 (AS4)]*
- Beide Lodge en Antonette is krities oor die WVK
- Verhore was nie op harde bewyse gebaseer nie – was anekdoties
- Geen berusting bereik nie
- Enige ander relevante punt (enige 2 x 2) (4)

4.4 *[-Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*
- Gewone Suid-Afrikaners het nie die werksaamhede van die WVK verstaan nie
- Baie oortreders het skotvry gegaan
- Geen verhore is gehou vir die skuldiges nie
- Baie het geweier om te getuig
- Baie het voor WVK verskyn sonder genoegsame bewyse
- Proses was nie inklusief nie
- Amnestie ontvang sonder volle blootstelling
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse op 'n elementêre wyse bv. **Geen of min verwysing na die tekortkominge van die WVK**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om die onderwerp te ondersteun of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en tot 'n groot mate met die onderwerp verband hou bv. **verwysing na die tekortkominge van die WVK**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese wyse | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne bv. Bewyse hou goed verband met die onderwerp bv. **verwysing na die tekortkominge van die WVK**<br>• Gebruik bewyse effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat duidelike begrip van die onderwerp toon | **Punte: 5 - 6** |

**(6)**

**4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK**

4.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument wat op bewyse gebaseer is deur analitiese vaardighede te gebruik -VL1 – LU1 (AS3&4); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

SINOPSIS
Kandidate moet bespreek hoe die WVK die wonde van die verlede geheel en die land op 'n beter toekoms voorberei het.

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate behoort aan te dui hoe hulle van plan is om die vraag te bespreek.

UITBREIDING
- Redes vir die WVK
- Doel van die WVK
- Verhore gehou deur die WVK (was dit geregverdig?)
- Sukses en beperkings van die WVK
- WVK het berusting vir sommige gebring en vir ander teleurstelling (Verskaf relevante voorbeelde)
- Enige ander relevante respons
- Slot: Kandidate behoort hul argument saam te vat. (30)

**Gebruik matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

4.5.2 *[Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur bewyse uit al die bronne en eie kennis te gebruik om die argument te ondersteun -*
*V2 – LU1 (AS3&4); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS
Kandidate behoort aan te dui of die WVK die enigste meganisme was wat Suid-Afrika gehad het om met die verlede te deel.

HOOFASPEKTE
Inleiding: Kandidate behoort 'n argument te stel en moet aandui hoe hulle van plan is om die argument te ondersteun.

UITBREIDING
- Redes vir die WVK
- Doel en werksaamhede van die WVK (proses van genesing en rekonsiliasie)
- Geleentheid vir amnestie
- Nasionale opbou en rekonsiliasie
- Bied aan oortreders en slagoffers geleentheid om berusting te vind
- WVK bevorder rekonsiliasie, nasionale genesing ens. (gee relevante voorbeelde)
- Enige ander relevante respons
- Slot: Kandidate behoort hul argument saam te vat. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om die uitgebreide skryfwerk te assesseer. [75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou